FOTO: MILAN

Dis nie enige model wat sy loopbaan opgee wanneer hy die golf van sukses ry nie. Maar Brett Shuttleworth is ook nie enige model nie. **JD van Zyl** het met hom gesels oor selfverloëning, *indecent proposals* en die weiering van sy grootste droom.

Daar is 'n rustigheid in Brett Shuttleworth wat jou onkant vang – dis nie iets wat jy verwag van iemand wat vir so lank 'n glanslewe gelei het as een van New York se A-lys lede nie. "Ek gaan Knysna toe trek," verras hy my verder. Die opgewondenheid in sy stem weerklink in sy oë. "Mens kan seker sê ek verruil 'n betonoerwoud vir 'n oerwoud van 'n heel ander soort," lag hy.

Twee jaar gelede was Brett Shuttleworth se modelloopbaan op die kruin van sukses. Hy kon spog met kontrakte met van die wêreld se befaamdste modehuise soos Calvin Klein en Polo Jeans, 'n rol in *American Pie 2* en die hoogtepunt vir hom – 'n ses-verdieping hoë plakkaat van hom in Joe Boxer-onderklere wat bokant New York se Times Square uitgetroon het.

Dit is duidelik dat daar groot veranderinge in sy lewe aan die gebeur is. Die blote feit dat ek met hom in 'n voorstedelike Kaapse tuin gesels oor sy planne om huis op te sit in 'n inheemse bos – en nie die New York Hyatt-voorportaal nie – beaam dit. Die rede agter die beplande skuif is egter minder vanselfsprekend.

"Om opgevang te wees in 'n wêreld wat net belang stel in hoe jy lyk, verander ná 'n ruk in 'n nagmerrie, en om eerlik te wees was ek nooit werklik daarmee gemaklik om 'n model te wees nie," sê hy. "Dit is bleddie moeilik om te ontsyfer wie regtig in jou belang stel, en wie jou net wil gebruik. Ek het dit altyd gesien vir wat dit was en wou net my geld maak en dan waai.

"Moet my nie verkeerd verstaan nie," voeg hy skielik by. "Ek was mal oor wat ek gedoen het, en dit het my die kans gegee om drome uit te leef wat ek nie gedink het ooit bewaarheid sou word nie. Maar ek is veral mal daaroor omdat dit my laat besef het dat dit nie is wat ek wil doen nie."

"In my lewe het ek altyd die 'regte' besluite gemaak," vertel hy. "Dis hoekom ek in *American Pie 2* gespeel het. Vir 'n model is akteurwees die 'regte' volgende stap." Maar êrens langs die pad het hy begin wonder of dit alles werklik was wat hy wou hê.

"Ek het nie belang gestel in 'n lewe waar ek die hele dag lank in 'n woonwa sit en woorde leer sodat ek vir 'n paar minute van glans en roem voor die kamera kon staan nie." Die snelweg na bo was ook nie 'n opsie nie. "Jy sal nie glo die aanbiedinge wat ek al in my lewe gehad het nie." Hy lag hardop en skud sy kop. "Kom ons sê maar net dat as ek wou, kon ek 'n baie suksesvolle akteursloopbaan vir myself gereël het ..."

'n Nuwe toevoeging tot sy gesin het hom sy lewe verder laat heroorweeg. "Pa-wees het my hele begrip van die lewe vergroot. Jis man, dis 'n hele nuwe wêreld," sê hy oor die geboorte van babadogter Noah laas jaar. "Ek moes al my prioriteite herrangskik. Dit is nou altyd Noah eerste en Brett tweede, en nooit meer Brett eerste nie. Dit is nogal 'n groot skuif vir my," voeg hy skertsend by.

Nou beplan Brett om te doen wat die naaste aan sy hart lê – klasgee. Weliswaar in 'n eiesoortige omgewing en oor 'n eiesoortige onderwerp maar klasgee nietemin.

"Almal kom nog altyd na my vir raad en advies, moontlik omdat hulle my sien as iemand wat 'n suksesvolle lewe lei," verduidelik hy. Maar saam met sy verloofde, die model Sam Pegg, wil Brett sy raadgee na die volgende vlak skuif.

"Ek het ongelooflike dinge ervaar en was in ongelooflike plekke gewees. Met my ervaring kan ek regtig waarde toevoeg tot die lewens van die mense wat my pad kruis."

Verlede jaar het Brett by Creative Consciouness International betrokke geraak Sy doel is om 'n toevlugsoord in Knysna se woud te bou waar hy as lewensafrigter dié maatskappy se kursusse kan aanbied. CCI gebruik interaktiewe gesprekke tussen die afrigter en 'n student om 'n

"Dit is bleddie moeilik om te ontsyfer wie regtig in jou belang stel, en wie jou net wil gebruik. Ek het dit altyd gesien vir wat dit was en wou net my geld maak en dan waai."

bewustheidskuif te weeg te bring wat die individu kompleet, en bemagtig en geïnspireer laat om positiewe lewensveranderinge te maak.

"Maar CCI is nie soos daai ander kursusse nie," sê hy vinnig. "Toe ek jonk was, het die maatskappy waarvoor ek gewerk het ons op só 'n kursus gestuur waar hulle jou afbreek soos in die weermag sodat hulle jou weer kan opbou. Dit was rof man, die *chicks* het gehuil en als."

Hy verduidelik dat CCI jou help om bewus te wees van jou gedagtes – wat maklik verstrik kan raak in herinneringe of gedagtes van die toekoms – en jou so help om meer in die oomblik te leef en eg aan jouself te wees. "Dit is nogals *cool* wanneer dit begin inskop," glimlag hy. "Dit maak my opgewonde as ek dink dat ek dit vir 'n skoolkind kan leer. Dalk motiveer dit hom om eerder bome te gaan afsaag in die woud as om vir sy pa se drukkerbesigheid te gaan werk net omdat dit hóm gelukkig maak."

Hy wys my 'n tatoeëermerk in swaar swart letters wat oor die lengte van sy voorarm strek – "Never underestimate the power of denial".

Ek dink dadelik aan selfverloëning en sy soeke na egtheid, maar dié sin het oorspronklik 'n heel ander betekenis gehad. Twee dik letsels, net so lank, is steeds duidelik onder die ink te sien. Daagliks herinner dié tatoeëermerk hom daaraan dat sy lewe baie anders kon uitgedraai het as dit nie was vir die laagvat wat sy arm én Wêreldbeker-droom in skerwe gehad het nie.

"Op skool het ek vir die eerstespan rugby gespeel en daarna was ek op 19 die jongste speler in die Natalse rugbyspan. My grootste droom was altyd om in die Wêreldbeker te speel

en dit het my meer gemotiveer om te presteer as enigiets anders." Brett se talent is gou raakgesien en hy is uitgenooi met "spesiale vergunning" om in Amerika te gaan rugby speel terwyl hy studeer. Sommer vinnig was hy deel van die VSA se nasionale rugbyspan en op pad na die Wêreldbeker.

"In beseringstyd van die laaste wedstryd voordat ons sou vertrek na die 2000 Wêreldbeker-toernooi het ek my arm op 29 plekke gebreek in 'n lelike doodvat net voor ons doellyn. Ek kon nie verstaan hoekom dit alles van my weggevat word toe dit so naby was nie. Dit was 'n verskriklike slag." Maar terwyl hy besig was om te herstel het 'n modelagentskap hom ontdek en sy lewe is in 'n heeltemal onverwagse rigting gestuur.

"As dit nie was dat ek my Wêreldbeker-droom ontneem was nie, sou ek moontlik nooit 'n model geword het en alles ervaar het wat ek nou kan gebruik om ander mense te help nie. Ek dink nie ek sou ander mense kon help om dit snap, as ek dit nie self gesnap het nie," sê hy. "Dié tatoeëermerk herinner my daaraan dat die beëindiging van my droom alles begin het." ■

My grootste droom was altyd om in die Wêreldbeker te speel en dit het my meer gemotiveer om te presteer as enigiets anders.